

## Saterdag 29 Junie

**Skrifgedeelte: Johannes 6:41-58**

**Fokusgedeelte: Johannes 6:47, 56**

### **Die heilige nagmaal – genademiddel tot versterking van ons geloof**

Die eerste deel van Johannes 6 (vs 1-15) wat handel oor die vermeerdering van die brood en vissies, beskryf die besondere van die mense se reaksie daarop wanneer Jesus vir hulle kos gee om te eet. Hulle sê: “Hy is werklik die Profeet, die Een wat na die wêreld toe moes kom” (vs 14), en dan wil hulle Hom met geweld koning maak. Dit lei daartoe dat Jesus berg-op gegaan het – alleen.

Dan volg die gedeelte waar Jesus op die see na sy dissipels geloop het en verderaan hoe die menigte Hom kom soek het. Hierop was Jesus se reaksie (vs 26-27) dat Hy weet dat hulle Hom nie soek oor die wondertekens wat hulle gesien het nie, maar omdat hulle kos gekry het en versadig is. Jesus wys hulle verder op die noodsaak van voedsel wat nie vergaan nie en wat die ewige lewe gee.

Wat moet die mens doen om dit te kry? In vers 29 staan daar: “*Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het.*” Die geloof in Jesus Christus is nie iets waarvoor jy gewerk het of iets wat jy kan uitdink nie. Dit is ’n genadegawe van God. ’n Geskenk met ’n besondere ewigheidswaarde: “*Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, het die ewige lewe*” (vs 47).

Deur die geloof en in die geloof kry en het ons deel aan Jesus. Hierdie genadegawe (geloof) wat in ons hart gewerk word deur die Heilige Gees, word deur die Heilige Gees in ons versterk deur die genademiddel (nagmaal) waarin ons “neem en eet en neem en drink” en in geloof versterk word met Jesus se woorde: “*Wie my liggaam eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom*” (vs 56).

*Sing: Psalm 36-1:3*

*Ds. MP Fourie (Emeritus)*